Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 10c Price**
**Oorsee 15c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

Vol. 45.] KAAPSTAD, 26 MAART 1969. CAPE TOWN, 26TH MARCH, 1969. [No. 2318.


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 437. 26 Maart 1969.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 18 van 1969: Wet op die Formaliteite met betrekking tot Huurkontrakte van Grond, 1969.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 437. 26th March, 1969.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 18 of 1969: Formalities in respect of Leases of Land Act, 1969.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# ACT

**To provide for the formalities in respect of leases of land; to repeal section 2 of the General Law Amendment Act, 1956; and to provide for incidental matters.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 13*th March*, 1969.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Formalities in respect of leases of land.

**1.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), no lease of land shall be invalid merely by reason of the fact that such lease is not in writing.

(2) No lease of land which is entered into for a period of not less than ten years or for the natural life of the lessee or any other person mentioned in the lease, or which is renewable from time to time at the will of the lessee indefinitely or for periods which together with the first period of the lease amount in all to not less than ten years, shall, if such lease be entered into after the commencement of this Act, be valid against a creditor or successor under onerous title of the lessor for a period longer than ten years after having been entered into, unless—

(*a*) it has been registered against the title deeds of the leased land; or

(*b*) the aforesaid creditor or successor at the time of the giving of credit or the entry into the transaction by which he obtained the leased land or a portion thereof or obtained a real right in respect thereof, as the case may be, knew of the lease.

Application to South-West Africa.

**2.** This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory of South-West Africa.

Repeal of section 2 of Act 50 of 1956.

**3.** Section 2 of the General Law Amendment Act, 1956, is hereby repealed.

Short title and commencement.

**4.** This Act shall be called the Formalities in respect of Leases of Land Act, 1969, and shall come into operation on the first day of January, 1970.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



# WET

**Om voorsiening te maak vir die formaliteite met betrekking tot huurkontrakte van grond; om artikel 2 van die Algemene Regswysigingswet, 1956, te herroep; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 13 *Maart* 1969.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Formaliteite ten opsigte van huurkontrakte van grond.**

**1.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), is geen huurkontrak van grond ongeldig bloot op grond van die feit dat dit nie op skrif gestel is nie.

(2) Geen huurkontrak van grond wat gesluit word vir 'n tydperk van minstens tien jaar of vir die natuurlike lewensduur van die huurder of 'n ander in die kontrak genoemde persoon of wat van tyd tot tyd na keuse van die huurder hernieubaar is vir 'n onbepaalde tydperk of vir tydperke wat tesame met die eerste tydperk van die huur gesamentlik minstens tien jaar beloop, is, indien so 'n huurkontrak na die inwerkingtreding van hierdie Wet gesluit word, vir 'n langer tydperk as tien jaar vanaf die sluiting daarvan teenoor 'n krediteur of opvolger onder beswarende titel van die verhuurder bindend nie, tensy—

(*a*) dit teen die titelbewys van die verhuurde grond geregistreer is; of

(*b*) bedoelde krediteur of opvolger ten tyde van die verlening van die krediet of die sluiting van die transaksie waarkragtens hy die verhuurde grond of 'n gedeelte daarvan of 'n saaklike reg daarop verkry het, na gelang van die geval, van die huurkontrak geweet het.

**Toepassing op Suidwes-Afrika.**

**2.** Hierdie Wet en enige wysiging daarvan is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika.

**Herroeping van artikel 2 van Wet 50 van 1956.**

**3.** Artikel 2 van die Algemene Regswysigingswet, 1956, word hierby herroep.

**Kort titel en inwerkingtreding.**

**4.** Hierdie Wet heet die Wet op Formaliteite met betrekking tot Huurkontrakte van Grond, 1969, en tree in werking op die eerste dag van Januarie 1970.